Maart / March 2026

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER




"Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Here, my rots en my verlosser!" Psalm 19:15


# DIE 2025/26 GRAANSEISOEN

Die 2025/26-oesjaar het afgeskop met 168 798 hektaar wintergraan wat gesaai is teenoor 169 833 hektaar die vorige jaar - 'n potensiële oesopbrengs van ongeveer 450 000 ton.

Weens die droë toestande en relatiewe droë graan op die lande, het SSK sy eerste graanlewerings reeds in die eerste week van September 2025 ontvang. Teen die einde van Oktober 2025 was ongeveer 95% van die 2025-oes reeds gelewer. Lewering word oor die algemeen eers teen die einde van November of middel Desember afgehandel.


Gedurende die periode Mei 2025 tot Augustus 2025 is 'n gemiddelde tot ondergemiddelde reënval in die westelike gebiede van SSK se bedieningsgebied, Protem tot Heidelberg, ervaar. In die oostelike gebiede van ons bedieningsgebied is ondergemiddelde tot baie swak reënval aangeteken. Gevolglik het hierdie bygedra dat slegs ongeveer 370 000 ton graan gelewer is, teenoor die potensiële 450 000 ton vir die streek. Canola het, ten spyte van die droë toestande, redelik goeie opbrengste getoon. Daar was egter 'n beduidende afname in die opbrengste van koring, moutgars en hawer.

**Ontvangstes per gewas**




Weens die laer tonnemaat wat ontvang is, was silo's soos Ashton, Kleinberg en Herold onderbenut. Die gemiddelde benutting by Protem, Karringmelksrivier, Riversdal en Albertinia silo's was ongeveer 80%, terwyl Krombeksrivier 'n benutting van 105% en Swellendam 112% aangeteken het. Die oorbenutting by Swellendam en Krombeksrivier word toegeskryf aan canola-lewerings vanuit die bedieningsgebiede van naburige silo's.


**Silo Benutting**




Daar was ook 'n beduidende afname in die opbrengs van moutgars per hektaar. Die oes vanjaar is gekenmerk deur baie lae vetkorrelpersentasies, asook variasies in stikstofinhoud wat gewissel het van 1,2% op die laagste vlak tot 3,4% op die hoogste vlak. SSK kon egter waarde toevoeg vir sy produsente deur voergars tydens inname soveel moontlik op te gradeer na moutgars, selfs wanneer stikstofinhoud die rede vir 'n afgradering sou wees. Oor die algemeen is die gars ook teen baie lae vogpersentasies gelewer, wat bygedra het tot hoë sifselvlakke tydens inname.


Die opbrengste van ontbythawer was ook aansienlik laer as wat aanvanklik verwag is. Dit was veral sigbaar in die laer skepelmassa wat tydens inname behaal is. Die volume voerhawer wat gelewer is, was minder; nietemin het SSK ook hier waarde toegevoeg deur 'n gedeelte van die voerhawer tydens inname, na ontbythawer op te gradeer.

**Koring Graad Samestelling %**





**2025/2026 Oesjaar** **2024/2025 Oesjaar**

**Gars Graad Samestelling %**




**2025/2026 Oesjaar** **2024/2025 Oesjaar**

**Hawer Graad Samestelling %**




**2025/2026 Oesjaar** **2024/2025 Oesjaar**

Canola se opbrengs het gewissel van buitengewoon goed tot baie swak, maar oor die algemeen was dit gemiddeld vir die SSK-streek. Weens die droë toestande is die meeste canola baie droog gelewer met die droogste voginhoud van 'n vrag wat 2,3% getoon het – 'n nuwe rekord vir ons streek.

SSK het, ter voorbereiding van die 2025/2026 oes, sy Swellendam- en Karringmelksrivier-silo's opgradeer met twee nuwe graandroërs wat geïnstalleer is. Hierdie opgraderings het die effektiwiteit van graandroging aansienlik verbeter. Daarbenewens het SSK addisionele deurlugtingsisteme by die silo's te Riversdal, Albertinia en Herold geïnstalleer om effektiewe hantering van nat graan en canola te verseker. 'n Addisionele padskaal by Swellendam sakdepot is ook aangebring wat die omdraaityd van vragmotors tydens die in- en uitweeg van graan aansienlik verbeter het.

Daar is egter nog ruimte vir verbetering en soos altyd, fokus SSK alreeds op kapitale uitbreiding en verbetering projekte met die oog op die komende 2026-oes. Ons wens al ons produsente 'n goeie 2026 oesjaar toe.

*- Henry Gale*
*Senior Bestuurder: Graan*

# WERNER KRUGER

## Chief Operating Officer: Commercial

### TELL US ABOUT YOURSELF AND YOUR FAMILY

I originate from the Northern Cape and I am the youngest of four children – a "laatlam". Being the youngest puts me in a position to fully enjoy the advantages and privileges that comes with this title. I grew up in the small town of Groblershoop, a close-knit agricultural community located along the Orange River. I matriculated from Upington High School in 1995 and thereafter continued my studies at Stellenbosch University, where I obtained a BCom degree in Management Accounting in 1999. I met my wonderful wife, Juanita, in 2003, and we married in 2007. We are blessed with two beautiful daughters, Lienke-Mari (14) and Danelle (11), who enrich our lives every day.

### WHAT DO YOU ENJOY DOING TOGETHER AS A FAMILY?

I am a passionate sports enthusiast, and I particularly enjoy golf and tennis, but I also follow various other sports on television. I love spending time in nature which provides great opportunities for fishing and hunting. As a family, we enjoy a good braai and spending quality time together in each other's company. During holidays, we like to go camping, and we all enjoy fishing and taking walks in nature just to relax and unwind.

### SUM UP YOUR CAREER UNTIL NOW

After completing my studies, I began my career in the financial sector. I spent thirteen years in commercial banking (Nedbank and ABSA), where I was responsible for relationship management, financing and providing financial advice to agricultural producers and businesses. During this time, I developed extensive knowledge of various agriculture-related sectors, and I also had the privilege of exploring some of the most amazing farming regions across South Africa. After leaving the banking sector, I continued



**Werner with his wife, Juanita, and daughters Danelle (left) and Lienke-Mari (right).**

my career in agricultural retail and input supply, working for Kaap Agri. During my thirteen years with the company, I gained valuable experience in operational management and served as Chief Operating Officer of Kaap Agri Namibia from 2017 to 2019. I returned to South Africa as Regional Manager of the Northern Cape, still within the Kaap Agri commercial group. I have never been afraid to embrace new challenges, and throughout my career, in both the banking and agricultural sectors, I have taken up opportunities and relocated to different regions which offered me new experiences and professional growth.

### WHAT IS YOUR GREATEST CAREER ACHIEVEMENT?

The valuable knowledge I have gained throughout my career, the many people who crossed my path, and most importantly, the impact each of them has had on me personally and professionally, remain truly invaluable to me. I believe that through my work, I have been able to make a difference in many people's lives. These interactions would never have been possible if I had not been willing to take risks and pursue new opportunities. I would say that my greatest achievements in my career have been my willingness to embrace change, tackle new challenges and always striving to enhance the well-being of people.

### WHERE DO YOU SEE YOURSELF AND SSK IN 5 YEARS?

I consider it a great privilege to have been offered the opportunity to be part of SSK. I intend to use this opportunity, as well as every person I meet on this new venture, to grow both personally and as a leader. In doing so, I hope to make a positive contribution to the business and to my colleagues. SSK has a well-established business structure with a strong foundation. These advantages enable us to expand our footprint into other parts of the country, as well as in the Western and Eastern Cape, which we already so proudly serve. All of this is ultimately for the benefit of our members, clients, staff, and business partners. Agriculture is a key sector in our country which contributes to both job creation and food security. It is essential that SSK, as a co-operative, plays an important role in supporting the sustainability of our farmers. We can achieve this by maintaining close engagement with the agricultural sector and work together as one to grow and adapt as circumstances and challenges arise.

### WHAT IS THE BEST ADVICE YOU'VE EVER RECEIVED?

"Be the change that you want to see!" One cannot change the world all at once or alone – change starts with you as an individual. For me, a perfect example is a pebble thrown into water: it begins with a small ripple that gradually spreads outward. It is therefore important that, in both the workplace and in my personal life, my actions, as well as those of others, should always be constructive and positive and that it leaves a meaningful impact on society and those close to us.

# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | NOV 2025 | DES 2025 | JAN 2026 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 31 | 36 | 0 |
| Albertinia | 11 | 6 | 6 |
| Ashton | 2 | 4 | 6 |
| Avontuur | 37 | 24 | 22 |
| George | 45 | 52 | 60 |
| Heidelberg | 12 | 6 | 14 |
| Herold | 17 | 25 | 12 |
| Joubertina | 15 | 7 | 4 |
| Karringmelks | 4 | 6 | 12 |
| Knysna | 47 | 32 | 94 |
| Krakeel | 24 | 4 | 6 |
| Krombeksrivier | 12 | 6 | 16 |
| Misgund | 16 | 11 | 4 |
| Mosselbaai | 23 | 3 | 17 |
| Protem | 4 | 16 | 12 |
| Plettenbergbaai | 50 | 39 | 66 |
| Riversdal | 10 | 13 | 15 |
| Swellendam | 14 | 14 | 12 |
| Uniondale | 16 | 0 | 0 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# HENNIE VOLSCHENK VAN KLEINBERGSKLOOF


Hennie Volschenk saam met sy vrou, Suna, en hulle kleinkinders.

Toe Hennie Volschenk in 1999 sy huis in Pretoria verkoop, die deure van sy ouditeursfirma ná 20 jaar sluit en vir die laaste keer die grondpaaie op sy plase in die ooste van Pretoria stap, was daar één iets wat onveranderd gebly het – sy passie om te boer. As kind het hy op Bethlehem grootgeword, en nadat sy pa as landdros van Pretoria aangestel is, het die familie na Gauteng verhuis. Hennie het sy BCom Honneursgraad in Rekeningkunde aan die Universiteit van Pretoria verwerf, waarna hy toe ook as geoktrooïeerde rekenmeester gekwalifiseer het.

Alhoewel sy voorliefde by syfers gelê het, het hy altyd 'n groot belangstelling gehad om te boer. In sy vrye tyd het hy toe deeltyds in die Bronkhorstspruit-distrik met Angus beeste begin boer en terselfdertyd ook kitsgras aangeplant en verkoop. Op die ouderdom van 40 jaar het Hennie besluit om hom voltyds op landbou toe te spits en met sy familie Wes-Kaap toe te verhuis.

Die Volschenks se nuwe tuiste, Stellenbosch, het groot vreugde gebring, maar tog was daar iets wat ontbreek het. Tussen die pragtige Kaapse wynlande en historiese geboue, het 'n verlange na rustigheid en stilte begin posvat. Dit was nie lank nadat hulle Stellenbosch toe getrek het nie, dat Hennie en sy vrou, Suna, daardie stilte op Stilbaai gevind het. Vra 'n mens hulle vandag na hul eerste indrukke toe hulle 26 jaar gelede dié dorp binne gery het, vertel hulle dat die dorp en sy mense hul grootste verwagtinge en wense ver oortref het. Hulle woon steeds in Stellenbosch, maar spandeer lang tye hier op hul plaas, Kleinbergskloof, waar see en land vreugde bring.

Hulle plaashuis bied 'n onbeskryflike mooi uitsig oor die Goukourivier met Angus-kalwers wat rustig wei. Vir die oorspronklike plaas, Grootfontein, wat vir jare die dorpenaars en plaaslike besighede van groente voorsien het, het daar 'n nuwe hoofstuk begin toe Hennie die plaas in 2000 gekoop het. Inwoners was skepties oor dié belegging en vele het hom selfs gewaarsku dat die grond onvrugbaar sou wees vir enige boom aanplantings.

Ek en Hennie sit in hul sitkamer terwyl hy my vertel van al die opgraderings wat aan die oorspronklike plaashuisie aangebring is. Die vertrek is beklee met pragtige skilderye wat mooi met mekaar praat en aangevul word deur 'n ligte, smaakvolle afwerking van dekor-elemente. Dit is egter buite waar die *magic* plaasvind. Kleinbergskloof, waar vandag op 2700 hektaar geboer word, het oor die jare bekendheid in Suid-Afrika verwerf vir die hoogstaande kwaliteit olyfolie wat hier op die plaas geproduseer word. Hennie vertel dat hy die eerste olyfbome in 2007 aangeplant het en dat sy eerste oes wat in 2013 gepluk is, tot sy verbasing, dadelik vir hul eerste toekenning gesorg het.

In die afgelope vyf jaar is Kleinbergskloof se olyfolie vier keer as een van die wenners in die ABSA Top 10-toekennings in Suid-Afrika aangewys. Hulle het ook altesaam 13 Goue Toekennings tydens die jaarlikse SA Olive-toekennings ontvang. Hennie verduidelik dat die grond se kalkinhoud, asook die fontein op die plaas wat as besproeiingsbron dien, 'n groot aanwins vir sy boerdery is en bydra tot baie goeie oeste. Benewens sy olyfboerdery, boer hy ook met 200 Angus-beeste.

Ek vra vir hom waarom hy besluit het om met olywe te boer? "'n Olyf is 'n romantiese en gesonde vrug," sê hy. "Tussen April en Junie is dit oestyd, en dieselfde dag as wat die vrug gepluk word, word die olywe gepers. In die winter word die bome gesnoei, en in die lente blom hulle weer. Kleinbergskloof se opbrengs is laer as ander mede-produsente wat groter is, maar ons lewer 'n uitstekende kwaliteit produk wat baie mededingend is. Dis 'n relatiewe klein besigheid met 'n uitstekende handelsmerk wat al die verantwoordelikhede self moet dra," voeg hy by.

Die drie Italiaanse olyfvariëteite wat hier aangeplant word is *Frantoio*, *Coratina* en *Leccino*, met die Amerikaanse variëteit *Mission*, wat ook verbou word. Hierdie vier variëteite word saam gemeng om Kleinbergskloof se eksklusiewe "*signature blend*" olyfolie te maak. Olywe word ingelê en verwerk tot blatjang en marmelade, wat dan in deli's oor die land en ook in hul plaaswinkel verkoop word. Hul Extra Virgin Estate Blend olyfolie bly egter die topverkoper – eenmalig koud gepers, teen 'n temperatuur van onder 30 °C, en dit gebeur alles op die plaas. Hennie is duidelik 'n mense mens en wanneer hy en Suna terug op Stellenbosch is, word die plaas se daaglikse verantwoordelikhede aan hul getroue personeel oorgelaat. Hulle dra hul personeel op die hande en het oor die jare 'n sagte plek vir die plaaslike gemeenskap, Melkhoutfontein, en sy mense ontwikkel.

> *"Fall in love with olive oil and discover a whole new world of taste."*

Theuns Botha is Hennie se regterhand en speel 'n sleutelrol in die beplanning en boer van die olyfboorde, terwyl Sarah Rasego as produkte bestuurder toesien dat alles vlot verloop in die kombuis en plaaswinkel. Poppie Nel van Melkhoutfontein organiseer dat daar genoeg seisoenwerkers in oestyd beskikbaar is om te help oes.Kleinbergskloof beskik ook oor 'n funksielokaal waar troues en spesiale vieringe gehou word, met gerieflike akkommodasie wat deur besoekers bespreek kan word.

Hennie het oor die jare vir homself 'n goeie balans tussen werk en ontspanning geskep. Met 'n seëning van tien kleinkinders, geniet hy dit om die rol van oupa ten volle te vervul. Hy is ook 'n eiendomsbelegger wat ou historiese geboue aankoop en dit dan met sorg en waardering opknap. Tydens my kuier aan Kleinbergskloof het Hennie in 'n kort tydjie ongelooflik baie van homself met my gedeel – sy kennis as olyfboer, die interessante fasette van 'n olyf, sy besondere lewensuitkyk en sy opregte menslikheid teenoor ander.

Afdrukke van 3 pragtige kunswerke deur Nanna Vorster Bakkes, die Paarlse kunstenaar, vorm deel van die unieke handelsmerk op die blikhouers waarin hul olyfolie geberg en verkoop word. Wat werklik uitstaan, is die boodskap wat Hennie agter op die houer met almal deel: "*Fall in love with olive oil and discover a whole new world of taste*."

***- Astrid Fisher***
***Bemarking en Kommunikasie Spesialis***

# HUMANSDORPSE AGRICULTURAL CORPORATION'S COMMUNITY RESTORATION CHARITABLE TRUST

the Humansdorpse Agricultural Cooperative, now known as the HLK, established the Community Restoration Charitable Trust in 2016. The purpose of the Trust is to serve as a strategic vehicle for community development and investment within its service area. The Trust is managed by Willie Oosthuizen and Lunga Mlangeni, both whom have extensive experience and expertise in social development.

The vision is to empower thriving communities in Africa. Their mission is to promote and facilitate sustainable socio-economic regeneration within local communities, with a strong focus on asset-based community development, training, education, healthcare and the care of the elderly. This is achieved through partnerships with employees, communities and stakeholders wherever HLK operates.

Asset-Based Community Development (ABCD) is a process that focuses on the assets and strengths of communities rather than their deficiencies. This approach fosters a positive mindset and builds the development process on what communities already have, resulting in higher levels of sustainability and more sustained growth.

**Involvement in a variety of projects:**

Support and facilitate development through various community initiatives, including:

* **Sakhlngomso Pre-school Project:** Four rural pre-schools in the Kouga region, serving 80 children.
* **Sakhlngomso and Pharos Primary Schools:** Two rural primary schools in Duinevlei and Robbehoek, serving a total of 42 learners.
* **Cookhouse Children Foundation:** Care centre and pre-school in Cookhouse, serving approximately 1,300 people annually.
* **Living Water Centre (Oyster Bay):** Care centre and pre-school for 120 children.
* **Healthy Mom & Baby Clinic (Jeffreys Bay):** Provides healthcare services to almost 1,500 patients per year.

The above projects play a key role in establishing strong and sustainable relationships through the engagement of diverse communities. HLK's involvement in these initiatives has added significant value to community assets, enhanced the Corporation's reputation and strengthened relationships with employees. It has also had a positive impact on communities' perceptions of agriculture and has influenced their attitudes toward regenerative farming practices.

By following an asset-based approach to community development, we achieve a greater social impact from our investments than through traditional donation-based methods. "We want to move away from a donation mindset and rather work towards an investment mindset," says Willie.

**Social Investment: Regenerative Farming**

We further invest in community development by providing training, inputs and expertise to small-scale farmers on organic vegetable cultivation. Currently, we manage a total of 18 hectares of organic gardens, comprising approximately 43 vegetable gardens. The Community Restoration Charitable Trust established the Kouga Regenerative Farming Association to promote food security through sustainable and profitable organic vegetable production. The Association regularly holds meetings and training workshops. Our investments in soil improvement are already showing noticeable results, with increasing yields and productivity from the vegetable gardens. Several of these gardens regularly supply fresh vegetables to local restaurants.

**Strategic Implementation Partner for the Industrial Development Corporation's (IDC) Social Employment Fund**

In August 2025, HLK was once again appointed as the strategic partner of the IDC to manage the Social Employment Fund Round 4 program in the Sarah Baartman District. This involved placing 1000 unemployed individuals into work programs that benefit both the participants and the communities in which they serve.

**We appoint candidates in the following groups:**

* **Food Security:** Focus on organic vegetable cultivation – 400 candidates
* **Environmental Conservation:** – 200 candidates
* **Community Health:** Focus on counselling – 200 candidates
* **Education and Training:** – 200 candidates

*- Willie Oosthuizen*
*Manager: The Community Restoration Charitable Trust*



Learners from the Mondplaas Pre-school, Jeffreysbaai.



Willie Oosthuizen presents certificates to employees during a work ethics training session.

# SSK SAADPRYSE 2026

***Let Wel: Alle pryse sluit BTW uit.***

| Gewas | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| KOROG/ROG | US 2019 | 25 kg | R 332.00 | 13.28 |
| KOROG/ROG | AG BEACON | 25 kg | R 375.00 | 15.00 |
| KOROG/ROG | AG BENTLEY | 25 kg | R 395.00 | 15.80 |
| KOROG/ROG | AG MARCELL | 25 kg | R 395.00 | 15.80 |
| KOROG/ROG | AFG R1 | 25 kg | R 525.00 | 21.00 |
| KOROG/ROG | NCD GRAZER | 25 kg | R 600.00 | 24.00 |
| KOROG/ROG | DUIKERMAX | 25 kg | R 455.00 | 18.20 |
| KOROG/ROG | ECHO | 25 kg | R 590.00 | 23.60 |
| CANOLA | DIAMOND | 20 kg | R 11 285.00 | 564.25 |
| CANOLA | QUARTS | 20 kg | R 10 900.00 | 545.00 |
| CANOLA | HYOLA 91117 | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | HYOLA 90013 | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | HYOLA 90014 | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | 44Y94 | 20 kg | R 14 481.40 | 724.07 |
| CANOLA | 45Y95 | 20 kg | R 14 646.40 | 732.32 |
| CANOLA | PY327C | 20 kg | R 15 058.80 | 752.94 |
| CANOLA | PY421C | 20 kg | R 14 481.40 | 724.07 |
| CANOLA | EQUINOX CL | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | SOLSTICE CL | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | CONTINUUM CL | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | CERES CL | 20 kg | R 13 500.00 | 675.00 |
| CANOLA | BLAZER TT | 20 kg | R 11 750.00 | 587.50 |
| CANOLA | PY429T | 20 kg | R 14 893.80 | 744.69 |
| CANOLA | PY432T | 20 kg | R 14 687.60 | 734,38 |
| CANOLA | VELOCITY | 20 kg | R 13 450.00 | 672.50 |
| CANOLA | ALPHA TT | 20 kg | R 12 950.00 | 647.50 |
| CANOLA | HYTECH TROPHEY | 20 kg | R 13 450.00 | 672.50 |
| CANOLA | HYTECH TRIFECTA | 20 kg | R 13 450.00 | 672.50 |
| CANOLA | DEFENDER CT | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | ENFORCER CT | 20 kg | R 11 900.00 | 595.00 |
| CANOLA | PY520TC | 20 kg | R 14 069.00 | 703.45 |
| VOERERTE | ASTRONAUTE | 25 kg | R 900.00 | 36.00 |
| VOERERTE | ARVIKA | 25 kg | R 498.50 | 19.94 |
| VOERERTE | AVATAR | 25 kg | R 800.00 | 32.00 |
| VOERERTE | GAMBIT | 25 kg | R 402.75 | 16.11 |
| VOERERTE | ESO | 25 kg | R 800.00 | 32.00 |

| Gewas | | SAK-GROOTTE | PRYS PER SAK | PRYS PER KG |
|---|---|---|---|---|
| KORING | SST 056 | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| KORING | SST 0117 | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| KORING | SST 0147 | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| KORING | SST 0166 | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| KORING | SST 0187 | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| KORING | SST 0208 | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| KORING | LG ANCIA | 50 kg | R 630.00 | 12.60 |
| KORING | IS TORDO | 50 kg | R 1 240.00 | 24.80 |
| LUPIENE | MANDELUP | 25 kg | R 387.50 | 15.50 |
| LUPIENE | SSL 10 | 25 kg | R 387.50 | 15.50 |
| LUPIENE | LILA B | 25 kg | R 475.00 | 19.00 |
| LUPIENE | COYOTE | 50 kg | R 645.00 | 12.90 |
| LUPIENE | AZURO | 25 kg | R 332.00 | 13.28 |
| HAWER | PALLINUP | 25 kg | R 410.00 | 16.40 |
| HAWER | DUNNART | 25 kg | R 410.00 | 16.40 |
| HAWER | SSH 4185 | 50 kg | R 590.00 | 11.80 |
| HAWER | SSH 491 | 50 kg | R 590.00 | 11.80 |
| HAWER | SAIA | 25 kg | R 533.25 | 21.33 |
| HAWER | HORSEPOWER | 50 kg | R 1 160.00 | 23.20 |
| HAWER | SADDLE | 25 kg | R 545.00 | 21.80 |
| HAWER | WIZARD | 25 kg | R 513.75 | 20.55 |
| HAWER | RUSHMORE | 25 kg | R 600.00 | 24.00 |
| HAWER | MACNIFICO | 25 kg | R 590.00 | 23.60 |
| GARS | SKG 9 | 50 kg | R 860.00 | 17.20 |
| GARS | BARFORCE | 25 kg | R 334.75 | 13.39 |
| GARS | DICTATOR II | 25 kg | R 396.25 | 15.85 |
| GARS | SVG 13 | 25 kg | R 319.50 | 12.78 |
| GARS | KADIE | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| GARS | MALGAS | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| GARS | JIGSAW | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| GARS | JACKHAMMER | 50 kg | R 575.00 | 11.50 |
| WIEKE | WIEKE NAMOI | 25 kg | R 1 550.00 | 62.00 |
| WIEKE | WIEKE HAYMAKER | 25 kg | R 1 449.75 | 57.99 |
| WIEKE | WIEKE TIMOK | 25 kg | R 1 237.50 | 49.50 |

Saadpryse is 'n onlosmaakbare aspek van die produsent se insetkoste in die landboubedryf. SSK se voortdurende missie is om hierdie pryse jaarliks so laag as moontlik te hou. Hierdie inisiatief dien nie alleen die belange van ons lede nie, maar dra ook by tot die algehele volhoubaarheid van die landboubedryf. Ons bied dus steeds wêreldklas gehalte teen die laagste pryse aan ons kliënte.

Voorspoed met die plantseisoen.

***Enige saad-verwante navrae kan gerig word aan:***

Gerdus Steyn,
Senior Bestuurder: Saad
Sel: 082 521 4515 /
E-pos: gerdus.steyn@ssk.co.za




# SAAD BEHANDELINGSOPSIES

| BEHANDELING | GEWAS | SIEKTE |
|---|---|---|
| CELEST TOP | GARS & KORING | Gars: saailingverwelk, wortelvrot, plantluise en draadwurms<br>Koring: saailingverwelk, wortelvrot, stinkbrand en losbrand |
| DIVIDEND EXTREME | GARS & KORING | Gars: saailingverwelk en wortelvrot<br>Koring: saailingverwelk, wortelvrot, stinkbrand en losbrand |
| EVERGOL ENERGY | KORING | Vrotpootjie |
| FLITE | GARS & KORING | Gars: bedekte brand, losbrand, blaarvlek, poeieragtige skimmel<br>Koring: losbrand, stinkbrand, poeieragtige skimmel, vaalblaar en streeproes |
| IMIDAKLOPRID | GARS & KORING | Russiese koringluis |
| REDIGO | GARS & KORING | Gars: bedekte brand, losbrand<br>Koring: stinkbrand, losbrand |
| AVIGO 100FS | GARS, KORING & HAWER | Gars: bedekte brand, losbrand<br>Koring: stinkbrand, losbrand |
| REAL SEED START | GARS, KORING & HAWER | Produkinligting beskikbaar op aanvraag |
| BIOCULT | GARS, KORING & HAWER | Produkinligting beskikbaar op aanvraag |

# SSK IS WAARDEVOL



Conraad "Boetie" Britz van Britz Broers Boerdery in die Herbertsdale-omgewing boer saam met sy pa en oom, Japie en Piet, wat reeds die afgelope 13 jaar SSK-lede is. Die familie-boerdery fokus hoofsaaklik op graan en melkbeeste. 'n Jaar gelede het Conraad ook met sy eie boerdery begin. "Ek geniet dit om self te boer, maar dit bring ook uitdagings mee wat soms buite my beheer is. In tye soos hierdie is dit belangrik om te weet dat jy op 'n besigheidsvennoot kan staatmaak wat die nodige ondersteuning en waardevolle advies bied, en bereid is om die ekstra myl vir jou as lid te loop.

Herbertsdale is één van die kleiner Agriland-handelstakke, wat beteken dat voorraad soms nie altyd beskikbaar is nie. Dit is juis dan wanneer staatmakers soos Albert Boonzaaier, Agriland-veldbemarker, regtig uit sy pad gaan om jou vinnig te help. Ek het eenkeer verslaap en vergeet om vervoer vir my voer te reël. Ek kontak toe vir Albert om te hoor of hy kan help. In 'n ernstige stemtoon noem hy toe dat dit ongelukkig nie moontlik sou wees nie. Terwyl ons nog praat, stop daar egter sowaar 'n vrag voer reg voor my deur wat hy self gereël het.

Anton Swart, takbestuurder van Agriland Herbertsdale, en sy span, Lyle en Elsabé, het oor die jare soos familie geword. Wanneer ek en my kinders die tak besoek, is daar altyd 'n klein bederf wat vir hulle wag. Hulle onderhandel die beste pryse op voorraad en lewer deurgaans uitstekende diens.

Dis ook goed om te weet dat my rekening in goeie hande is en Diaan Oosthuizen, my kredietbestuurder, se deur is altyd oop wanneer ek finansiële advies nodig het. Waar gaan jy 'n besigheid kry wat vir jou Prima – 1% op produksie- en huurkoop-finansiering bied?

Ek is trots daarop om 'n SSK-lid te wees."



Conraad "Boetie" Britz

# LONG SERVICE RECOGNITION

**35 YEARS:** Jeanette Tities & Olivia Nani

**30 YEARS:** Jacob September, Pieter Haasbroek & Maria Coertze

**25 YEARS:** Andrew Rossouw & Erika Meyer

**20 YEARS:** Barend Swart, Persence Vaaltyn, Karel Jacobs, Koos Swarts, Siyabonga Mamatu, Zandisile Nquru & Kwanele Maqolo

**15 YEARS:** Morné Goosen, Selvin Koopman, Karin van Wyk, Chanel Wasserman, Samantha Bowles & Witness Sititi

**10 YEARS:** Adam van Wyk, Francois Cloete, Gerhard Coetzee, Anton Swart, Diaan Oosthuizen, Gladstone Gxagxa, Elisna Steyn, Eunice Mbombela, Clive Witten, Adam Ida, Lesley Boesak, Branwell Williams, Vuyokazi Nywebeni, Peter Meyer, Phumeza Tyutwana & Masilakhe Mabeta



Koos van Zyl, Senior Manager: Credit, congratulates Jeanette Tities, General Assistant (Heidelberg Admin) on 35 years of dedicated service.



Eugene Immelman, Agriland Branch Manager: East London, congratulates Olivia Nani, General Worker (Agriland East London) on 35 years of dedicated service.



Henry Gale, Senior Manager: Grain, congratulates Jacob September, Silo Operator: Riversdale, on 30 years of dedicated service.



Armandt Horne, Senior Manager: Mechanisation, congratulates Pieter Haasbroek, Mechanic: Workshop (Swellendam), on 30 years of dedicated service.



Franscois Kistoor, Production Manager: Animal Feed Manufacturers, congratulates Andrew Rossouw, Shift Foreman: Animal Feed Manufacturers (Karringmelksrivier), on 25 years of service.



Pine Pienaar, Agriland Branch Manager: Kareedouw, congratulates Erika Meyer, Senior Store Marketeer (Agriland Kareedouw) on 25 years of service.




## OESNUUS UIT ONS STREEK



Kobus de Wet van Brugplaas in die Worcester-distrik het einde Januarie met die verpakking van tafeldruiwe begin en afgeskop met die pars van wyndrywe begin Februarie. "Die oes het goed, gesond en baie belowend gelyk. Besproeiing was egter 'n uitdaging," sê hy.

Denné Strydom, plaasbestuurder by Giraffe Boerdery in die Langkloof-distrik beskryf die 2026-oesjaar as uiters uitdagend en 'n moeilike jaar vir vrugte produsente in dié streek.

"Ons het 'n koue winterseisoen beleef, gepaard met droë toestande. Die laaste betekenisvolle reën wat ons ontvang het, was teen die einde van Mei. Die droogte het daartoe gelei dat ons oesjaar afgeskop het met onvoldoende watervoorsiening, aangesien besproeiingsdamme nie vol kon kom nie. Daar is gevolglik gefokus op variëteite wat goed op die uitvoermark presteer, en sodoende beskikbare water meer doeltreffend aan te wend. Tog was die resultate kleiner en minder vrugte."

Ongelukkig het omstandighede nie verbeter nie. Op 5 Februarie is die streek deur 'n verwoestende storm getref wat hael en sterk wind meegebring het. Windsnelhede van tot 240 km/h en 100mm reën is gemeet, en sommige produsente het 60% van hul oeste verloor.

Denné noem dat hulle, ten spyte van die verliese, positief bly en vol hoop is dat die 2026/2027-oesjaar vir hulle 'n beter jaar sal wees.




Redaksie: Astrid Fisher | Tel: 044 601 1200 | astrid.fisher@ssk.co.za
Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Blitsdruk, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.